

11 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 3:16-21

Fokusgedeelte: DL, 1:2

Net 'n God van liefde sal sy eie Seun as losprys gee!

Alle mense is die ewige dood skuldig. Daaroor is die Bybel baie duidelik. God sou dus nie onregverdig wees as Hy almal verlore sou laat gaan nie. Maar God is nie net regverdig nie, Hy is ook genadig en barmhartig!

Omdat almal die ewige dood skuldig is het Hy sy Seun, Jesus Christus, aan die dood oorgegee om vir ons sondes te betaal en sodat ons kan lewe! So openbaar Hy sy liefde. Wie van ons sal bereid wees om sy kind te laat sterf in 'n ander se plek? God die Vader bewys sy liefde deur sy Seun te laat sterf, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Mense maak dus eintlik van God 'n karikatuur as hulle sê dat Hy wreed is omdat Hy mense vir ewig verlore laat gaan. Hulle vergeet gerieflikheidshalwe dat hierdie "wrede God" so genadig en barmhartig is dat Hy sy eie Seun as losprys vir baie gegee het. Dit is ware liefde om aan iemand wat die ewige dood verdien jou eie Seun as 'n Verlosser te gee. Hierdie Verlosser het ten volle vir al jou sondes versoening gedoen, sodat jy nie die ewige dood nie, maar die ewige lewe kan ontvang. Groter liefde as dit is daar nie!

Dié wat Jesus nie as Verlosser wil aanvaar nie is dus uiters ondankbaar. In plaas van die genade, wat hulle nie verdien nie, kies hulle die loon wat hulle wel verdien – die ewige dood. Dit is dus nie God wat wreed is nie, maar die mens wat kortsigtig is!

Dank God vir die genade dat jy reg gekies het!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~